**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

# NOTULE VAN DIE HIBRIEDE (VIRTUELE / IN-PERSOON) RAADSVERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 28 APRIL 2021 OM 14:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | *(sluit aan om 14:25)* |
| Rdl. AA van Wyk | [DA] | | |
| Rdl. SR Swartz | [DA] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdl. D de Bruin | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**RVN006/04/2021**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Raadslid Daniels open die vergadering met 'n skriflesing uit die Bybel, waarna die Voorsitter almal verwelkom by die vergadering.

***

**RVN007/04/2021**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Raadslid Small – ander munisipale verpligtinge
Interne Ouditeur - gesinsverantwoordelikheidsverlof

***

**RVN008/04/2021**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN009/04/2021**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 30 MAART 2021</u>**
**3/3/2/2**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die notule van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 30 Maart 2021, bekragtig word.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**RVN010/04/2021**
**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 30 MAART 2021</u>**
**3/3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder rapporteer aan die Raad dat al die besluite in die praktyk en op die stelsel afgehandel is.

Die Voorsitter en Munisipale Bestuurder bedank almal vir die afhandeling / uitvoering van die besluite.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN011/04/2021**
**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN012/04/2021**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:</u>

**<u>LEED</u>**

Dat Mev. E Schreuder se moeder oorlede is.

Hy wens die bedroefde familie sterkte toe wat hul geliefde in hierdie tyd aan die dood moes afstaan.

**<u>LIEF</u>**

Dat Raadslid Wessels op Dinsdag 18 Mei 2021 sal verjaar.

Hy wens hom baie geluk en voorspoed toe met sy nuwe lewensjaar.

<u>Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:</u>

1. Dat die COVID-19 aktiewe gevalle in Bergrivier Munisipaliteit bestendig laag is en versoek sy dat almal steeds die protokols volg vir die voorkoming van COVID-19; en

2. Dat die registrasie naweek geskeduleer is vir Saterdag 17 en Sondag 18 Julie 2021 en dat die verkiesing Woensdag 27 Oktober 2021 sal plaasvind.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN013/04/2021**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN014/04/2021**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Die Voorsitter meld dat die navrae soos per e-pos / telefonies gerig deur Raadsdame Smit deur hom ondersoek en beantwoord sal word.

***

**RVN015/04/2021**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: ITEM TO COUNCIL TO OBTAIN APPROVAL TO TRANSFER FUNDS TO BERGRIVIER TOURISM ORGANIZATION (BTO)</u>**
**3/3/1/6**

*Sien notulering by RVN020/04/2021.*

***

**RVN016/04/2021**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF RAADSDAME SMIT: TYDELIKE BRANDWEERPERSONEEL**
**3/3/1/6**

Op navraag van Raadsdame Smit, oor die rede hoekom brandweerpersoneel nie oor naweke werk nie, verduidelik die Direkteur Gemeenskapsdienste dat die besluit deel uitmaak van die ooreenkoms soos onderhandel tussen die onderskeie partye by die SALGBC. Dit geld slegs vir die tydelike brandweerpersoneel wat in diens is tot 14 Desember 2021.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN017/04/2021**
**PIKETBERG GHOLFBAAN ERF 2136 PIKETBERG**
**PB. 2136**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

Die Voorsitter versoek dat die ongerymdhede / aktiwiteite wat op die oomblik by die gholfbaan plaasvind gemonitor word om beter beheer te kan uitoefen oor die grond.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat in gesprek getree word met die lede van die Piketberg Gholfklub en dat die afvaardiging van Bergrivier Munisipaliteit sal bestaan uit die Uitvoerende Burgemeester, Uitvoerende Onderburgemeester, die Speaker, Raadslid Daniels, die Munisipale Bestuurder en ander lede soos aangewys deur die Munisipale Bestuurder, ten einde die terugname van Erf 2136 Piketberg te bespreek;

2. Dat indien ‘n ooreenkoms nie bereik kan word nie, daar, ooreenkomstig die toepaslike delegasies, ingevolge die Wet op Onteiening van Grond, 1975 (Wet 63 van 1975) by die relevante Minister aansoek gedoen word om onteiening van Erf 2136 Piketberg, indien die nodige fondse beskikbaar gestel word om die eiendom te bekom;

3. Dat, indien die grond verkry moet word met die bedoeling om gesubsidieerde behuising / erwe daar te vestig, ‘n aansoek deur die behuisingsafdeling by Provinsiale Regering Wes-Kaap: Departement Menslike Nedersettings ingedien word om befondsing vir die aankoop van Erf 2136 Piketberg te bekom; en

4. Dat, indien die grond vir Munisipale ontwikkelings verkry moet word, voorsiening gemaak word in die begroting om die eiendom aan te koop, asook om die eiendom as bate in die Munisipale bateregister op te neem (huidige Munisipale waardasie is tans R 3 000 000).

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN018/04/2021**
**<u>AFSKRYF VAN UITSTAANDE SKULD</u>**
**5/1/B; 5/1/1**
***(Die gewysigde aanbeveling soos elektronies versprei, word ter tafel gelê – Aanhangsel A)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item in en gee breedvoerig agtergrond. Sy hou die gewysigde aanbeveling voor vir goedkeuring.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat goedkeuring verleen word vir die afskrywing van uitstaande deernis skuld, ten bedrae van R 2,198,928.67, soos per aangehegte lys;
2. Dat goedkeuring verleen word vir die afskrywing van die onaktiewe grootboek saldo's soos gelys ten bedrae van R 2,201,321.51;
3. Dat kennis geneem word van die feit dat die bedrae van die uitstaande skulde soos per die aangehegte lys in 'n geringe mate kan verander en dat geen afskrywing meer sal beloop as wat die skuld op datum van goedkeuring van die afskrywing sal beloop nie; en
4. Dat aanbeveling 2 terugverwys word na die Finansies Staandekomitee vir heroorweging (skuld ouer as 900 dae en skuld ouer as 720 dae).

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN019/04/2021**
**<u>2020/21 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 3: 1 JANUARY – 31 MARCH 2021 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)</u>**
**4/7/6; 5/1/1**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item in en gee kortliks agtergrond.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTIONS</u>**

1. That the quarterly performance report for Quarter 3 (1 January – 31 March 2021) be noted; and
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN020/04/2021**
**ITEM TO COUNCIL TO OBTAIN APPROVAL TO TRANSFER FUNDS TO BERGRIVIER TOURISM ORGANIZATION (BTO)**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item in. Hy gee 'n breedvoerige opsomming van die item onder bespreking en meld dat die fondse aangewend word om die pryse te borg vir die "Bergrivier Virtual Talent Competition".

**RESOLUTION**

That Council consider and approve the veriment for the Bergrivier Virtual Talent Competition and give permission that the R29 000 can be transferred from the Community Upliftment Fund to the Bergrivier Tourism Organization (BTO) Grand – in – Aid.

***MUNICIPAL MANAGER***

***

**RVN021/04/2021**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: FEBRUARY 2021**
**5/1/1**

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for February 2021.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN022/04/2021**
**MAANDVERSLAG: UITGAWES EN VOORSIENINGSKANAALBESTUUR: FEBRUARIE 2021**
**5/1/B, 5/1/1**

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That Council take note of the February 2021 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act; and

2. That Council take note that there was a total of R26 708.85 expenditure incurred during the month of February 2021 to prevent the spread of COVID-19 and to aide in humanitarian relief during the period of lockdown level 3.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN023/04/2021**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 11 FEBRUARIE 2021**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Donderdag 11 Februarie 2021, soos voorgelê.

***

**RVN024/04/2021**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 23 FEBRUARIE 2021**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 23 Februarie 2021, soos voorgelê.

***

**RVN025/04/2021**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN026/04/2021**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN027/04/2021**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 14:35***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***